# Wortels en Vrugte: Bly Gesond

**Lizette Du Piesanie 21/07/2019**

**HOE OM GESOND TE BLY:**

## 1. OM GESOND TE BLY HET ONS VERSORGING NODIG

**Johannes 15:1-2 (Die Boodskap) "Laat Ek 'n beeld gebruik om die verhouding tussen My, my Vader en my volgelinge te verduidelik. Stel julle voor my Vader is 'n druiweboer. Ek kan dan vergelyk word met 'n spesiale druiwestok. My Vader bewerk die wingerd goed en hou die lote wat uit die druiwestok groei goed dop. As daar takkies is wat net groei, maar nie 'n enkele druiwetros dra nie, sny Hy dit af. Die takkies wat druiwetrossies maak, versorg Hy mooi. Hy snoei hulle en maak hulle skoon sodat daar baie plek vir die druiwetrossies is. Julle is soos daardie mooi versorgde takkies. My boodskap was soos 'n snoeiskêr wat julle mooi skoon gesny het."**

**1.1.** As ons in Jesus geënt is, is ons onder die Vader se sorg.

**1.2.** Hulp en versorging spreek van liefde en intimidteit. Dit is belangrik om te weet dat die grootste oeste plaas vind wanneer daar liefde is.

## 2. INTIMITEIT EN EENHEID LEI NA VRUGTE

**Johannes 15:4-6 (Die Boodskap) "Niks moet ons van mekaar skei nie! Julle moet baie naby aan My bly, soos takkies wat aan die druiwestok vasgegroei is. Ek sal net so naby aan julle bly - soos 'n druiwestok wat vasgegroei is aan sy takkies. 'n Takkie kan mos nie druiwe dra as dit eenkant lê en nie aan die druiwestok vas is nie. Net so het julle My nodig om 'n goeie, vrugbare lewe te kan lei. "Stel julle dit goed voor: Ek is soos die druiwestok; julle is soos die takkies. Sonder die druiwestok beteken die takkies tog niks nie. Net so beteken julle ook niks sonder My nie. Leef elke oomblik van die dag in afhanklikheid van My. Ek sal dan elke oomblik by julle ook wees. So sal julle vir God 'n vrugbare lewe kan lei. 6Iemand wat op sy eie, sonder My, wil leef, sal uitvind dat hy dit nie kan doen nie. Hy sal soos 'n los, afgesnyde takkie in die vuur gegooi word. Saam met die ander takkies soos hy sal hulle daar tot as verbrand.**

**2.1.** Christianskap is nie net nog 'n geloof nie en dis nie slegs 'n manier om ewige lewe te hê nie. Ons is nie 'n klomp slawe wat net buig voor God nie. Christenskap is 'n liefdesverhaal, dit is 'n eenheid met Christus.

## 3. ONS WORD GEVOED DEUR GOD SE WOORD

**Johannes 15:7-8 ('83 Vertaling) "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."**

**3.1.** Die bybel is ons lewenslyn, dit vul en verander ons om te kan verstaan aan wie ons behoort en wie ons werklik is. Hoe meer ons dit lees en studeer hoe beter raak ons vrug.

### 4. ONS WORD OOK GEVOED DEUR GOD SE LIEFDE

**Johannes 15:9-10 (Die Boodskap) "As julle My getrou volg, sal die wêreld God werklik raaksien vir wie Hy is. "Ek het julle net so lief soos die Vader My liefhet. Wikkel julle elke oomblik van die dag in hierdie liefde van My toe. Julle vra: Hoe kry 'n mens dit reg? As julle doen wat Ek vra en dit goed doen, wys julle hoe julle my liefde vir julle waardeer en geniet. Ek doen dit self. Ek doen wat my Vader vra omdat Ek sy liefde vir My so waardeer.**

**4.1.** As ons onsself toe laat om God se liefde te ervaar sal dit ons voed en ons vrugte verbeter.

### 5. JOU VRUG IS ANDER SE KOS

**Johannes 15:11&16-17 (Die Boodskap) "Weet julle hoekom sê Ek al hierdie dinge vir julle? Ek wil hê julle moet dieselfde vreugde en genot hê as Ek. Daar moet geen einde aan wees nie. Die geheim daarvoor is dit: Ek wil hê dat julle mekaar moet liefhê, net soos Ek julle liefhet. En hierdie liefde is nie net iets oppervlakkigs nie. Julle het Mý nie gekies nie. Dit was Ek wat julle gekies het. En Ek het julle met 'n doel gekies: julle moet 'n vrugbare lewe vir God gaan leef. Ja, julle moet 'n permanente verskil in hierdie wêreld gaan maak. Vra God om julle daarmee te help en Hy sal dit doen. Onthou wat die verskil maak: julle moet mekaar liefhê."**

**5.1.** Deel van ons gesondheid is om toe te laat dat ons vrugte ander voed.

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Voel dit of God jou versorg of voel dit soms of Hy van jou vergeet?
2. Voel dit of jy gevoed is met God se liefde? Dink jy dat jou vrugte (aksies en denke) anders sal lyk as jy jouself toe laat om God se liefde te ervaar?
3. Voed jy ander mense met jou vrugte of hou jy hulle vir jouself?